**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**GESKIEDENIS VAN TEATER,**
**KOSTUUM EN LETTERKUNDE SG**
**(Tweede Vraestel)**

**TYD: 2½ uur**

**PUNTE: 120**

---

**INSTRUKSIES:**

- Jy moet VIER vrae uit hierdie vraestel beantwoord.
  - TWEE vrae uit Afdeling A
  - EEN vraag uit Afdeling B
  - EEN vraag uit Afdeling C
- Nommer jou antwoorde in ooreenstemming met die nommers wat op die vraestel gebruik is.
- Elke vraag tel 30 punte.

---

AFDELING A
**POËSIE**

Beantwoord TWEE vrae uit hierdie afdeling.

**VRAAG 1**

1.1 Elizabeth Eybers (1915 – hede) se gedigte strek vanaf ? jong meisie tot ? volwasse vrou. Lewer kommentaar oor haar eerste bundel, *Belydenis in die Skemering.* Jy mag afsonderlike gedigte uit die bundel in jou antwoord bespreek. (10)

1.2 Gee die titels van VYF **ander** bundels wat deur Eybers geskryf is. (10)

1.3 Die ouderdom en winterse wêreld oorheers in haar mees onlangse gedigte. Verwys na TWEE gedigte spesifiek uit *Rymdwang* wat ? beeld gee van die ouderdom en die aftakeling wat daarmee gepaardgaan. 5x2=(10)
**[30]**

**VRAAG 2**

Nicolaas Petrus van Wyk Louw (1906 – 1970) het in die dertigerjare ontwikkel tot die leidende figuur van sy generasie. Die volgende temas kom in Van Wyk Louw se werk voor:

- Sensitiewe waarneming van die natuur
- Suiwerder liefdesverse as die van dié van die ouer digters
- Poging tot rasionale deurgronding van God in ***In waansin het ek gevra***
- Die hoë en dwingende eise wat deur Skoonheid aan die mens gestel word
- Preokkupasie met die digterskap in *Tristia*
- Die basiese stemming van weemoed en droefheid oor die mens in sy wanhoop in *Tristia*

Skryf kort aantekeninge oor enige VYF van die bostaande temas deur te verwys na die gedigte van Van Wyk Louw. 5x6=**[30]**

**OF**

**VRAAG 3**

Die digkuns het in die sestigerjare van die vorige eeu onder die invloed van die Franse Surrealiste en die Vyftigers sterk in die rigting van die vrye vers beweeg.

3.1 Verduidelik in watter opsigte die Afrikaanse digkuns afgewyk het van konvensionele poësie. Noem ten minste VYF aspekte wat verander het. 5x2=(10)

3.2 Noem en bespreek kortliks TWEE gedigte van Breyten Breytenbach waarin hy die ambivalensie oor sy vaderland uitspreek. 2x2=(4)

3.3 Gedigte wat hy aan sy ouers opgedra het, is van Breytenbach se beste werk. Noem en bespreek TWEE van hierdie gedigte kortliks. 2x2=(4)

3.4 Voltooi die titels van die volgende bundels van Breytenbach:

Die huis van ________
Die ysterkoei ________
Om ? sinkende skip ________ 3x1=(3)

3.5 Gee ? kort biografiese opsomming van Breyten Breytenbach se agtergrond. (9)
**[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [60]**

## AFDELING B
## PROSA

Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling.

### VRAAG 4

4.1 Bespreek enige van die kortverhale wat jy bestudeer het aan die hand van DRIE van die volgende aspekte: Verskaf die titel van die verhaal, asook die naam van die skrywer.

- Eksistensialisme
- Simboliek
- Sosiale kommentaar
- Karakterisering 3x5=(15)

4.2 Maak ? opsomming van een van die kortverhale wat jy bestudeer het en gee aandag aan die **spanningslyn**, **klimaks** en die **ontknoping** van die kortverhaal. (15)
**[30]**

**OF**

### VRAAG 5

Die roman wat jy vanjaar bestudeer het, voldoen aan die vereistes van die “nuwe” vertelstyl. Soos in die geval van skrywers soos Etienne van Heerden, Brink en Leroux, is daar ? bewustheid van die bekende en beperkende lokaal-realistiese plaasroman. ? Nuwe bewussyn word geskep deurdat die vertelling eerder ? relevante proses van ? omkyk uit die hede as ? terugkyk is.
Bespreek hoe die roman wat jy bestudeer het relevansie behou ten spyte van die feit dat dit verwys na sake wat verby is. Bespreek ten minste SES van die onderstaande aspekte in jou antwoord:

- Aktualiteit
- Sosiale en/of historiese kommentaar
- Ironie
- Karakterbeelding
- Humor
- Vertelstyl
- Simboliek 6x5=**[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [30]**

**VRAAG 6**
**VERPLIGTEND**

6.1 Gee ? kort opsomming van die inhoud van die drama wat jy vanjaar behandel het.
NB: Sluit die titel van die drama asook die outeur in. (15)

6.2 Gee ? lys van die karakters wat in hierdie drama voorkom. Gee ? kort beskrywing van elke rol. 5x2=(10)

6.3 Gee ? volledige uiteensetting van die didaskalia in hierdie drama, die lys van die karakters in Vraag 6.2 uitgesonderd. (5)
**[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [30]**

**TOTAAL: 120**

**EINDE**